HOËRSKOOL • OUTENIQUA • HIGH SCHOOL

SKOOLHOOF: CP VORSTER • POSBUS / PO BOX 181 GEORGE 6530
TEL: 044 874 4156 • FAKS / FAX: 044 874 4188 / 086 635 7336 • E-POS / E-MAIL: info@outeniqua.co.za WEB: www.outeniqua.co.za

Nuusbrief 7

21 Mei 2021

Liewe ouers, leerders en personeel

Covid 19 -maatreëls

Ons is almal bewus van die toename in die aantal mense wat positief vir die virus toets. Ons is ook onder meer druk met 'n toename van infeksies by ons leerders. Daar het volgens ons statistiek drie leerders die week positief getoets. Daar is ook ses leerders wat moet isoleer omdat hulle in direkte kontak met 'n persoon was wat positief getoets het.

Dit is baie belangrik dat ons met feite werk en nie gerugte nie. Mense wat gerugte versprei, skep vrees by ander mense. Die Rampbestuurwet bepaal dat enige persoon wat 'n valse gerig oor Covid versprei, vervolg sal word.

Die Rampbestuurwet bepaal dat as 'n leerder of personeellid in noue kontak met 'n persoon was wat positief getoets het, moet hy/sy die skool onmiddellik in kennis stel. Die persone moet dan vir 10 dae isoleer. Ons kry nog steeds oproepe om ons in te lig dat 'n persoon in aanraking was en nie die skool in kennis gestel het nie. Die skool meld elke geval wat positief toets of wat in aanraking met 'n persoon wat positief getoets het, aan. Dit is 'n wetlike verpligting wat ons moet nakom.

Die **Covid-komitee** van die skool het vanoggend vergader en die volgende besluite geneem:

1. Gr. 8- tot 11-leerders sal vanaf Maandag 24 Mei weer in groepe skool toe kom. Dus kom die Ougoud-groep Maandag skool toe en die Geel-groep Dinsdag skool toe. Die program wat op die kwartaalprogram is, word gevolg.
2. Die matrieks kom elke dagskool toe.
3. Die reëling geld vir die res van die kwartaal. Ons skryf vanaf 23 Junie eksamen en sal weer die situasie evalueer.
4. Dit is baie belangrik dat ons almal die Covid-protokol toepas.
5. Ons doen 'n beroep op alle ouers, leerders en personeel om nie geleenthede by te woon waar daar 'n groot moontlikheid van die verspreiding van die virus is nie.
6. As 'n persoon by die skool onveilig voel, moet dit onmiddellik aangemeld word.

Om by die Covid-regulasies te hou, kan ons bydrae dat die derde vlaag baie kleiner is en minder hartseer veroorsaak:

1. Was hande gereeld met warm water en seep vir langer as 20 sekondes.
2. Neem in die oggend jou koors by die huis en as dit nie normaal is nie, bly by die huis en stel die skool in kennis.
3. Leerders moet hulle koorsbriefie by die huis voltooi.

4. As jy op twee en meer van die vrae "ja" antwoord, bly eerder by die huis. Dit is egter jou verantwoordelikheid om die skool in kennis te stel.
5. Saniteer jou hande gereeld.
6. Handhaaf asseblief 1m fisiese afstand tussen mense.
7. Leerders moet in die oggend asseblief nadat hulle geskandeer het, na hulle registerklasse gaan. Sommige leerders staan in groepe buite en handhaaf nie 'n veilige afstand nie.
8. Leerders en personeel moet toesien dat daar genoegsame ventilasie in die klasse is.

Dit gaan van ons almal 'n groot poging kos om die volgende vlaag so klein as moontlike te hou. Die skoolbestuur en beheerliggaam doen 'n beroep op elkeen om saam te werk.

Kwaggagroete

C. P. Vorster
Skoolhoof